

## SONDAG 45 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE GEBED – AANBID DIE WARE GOD

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)	Graad 6 - 7 (Blou boekie)	Volwasseenes (Psalmboek)
<p>116a V Waarom moet die Christen bid?</p> <p style="padding-left: 20px;">A Die gebed is die vernaamste deel van die dankbaarheid wat God van ons vra.</p> <p>116b V Noem nog 'n rede waarom die Christen moet bid.</p> <p style="padding-left: 20px;">A 'n Christen moet bid, omdat God sy genade en Heilige Gees net aan hulle gee wat aanhou daarvoor bid en dank.</p> <p>117a V Tot wie moet ons bid?</p> <p style="padding-left: 20px;">A Ons moet net tot die ware God soos Hy hom in sy Woord geopenbaar het, bid.</p> <p>117b V Hoe weet ons dat God ons gebed sal verhoor?</p> <p style="padding-left: 20px;">A God het in Sy woord belowe dat Hy ons gebed ter wille van Christus sal verhoor.</p> <p>118 V Waarvoor moet ons bid?</p> <p style="padding-left: 20px;">A Ons moet bid vir alles wat ons vir liggaam en siel nodig het, soos Christus ons geleer het.</p> <p>119 V Hoe lui die gebed wat Christus ons geleer het?</p> <p style="padding-left: 20px;">A In Matteus 6 het Christus ons leer bid:</p>	<p>116 V Waarom moet die Christene bid?</p> <p style="padding-left: 20px;">A 1. Die gebed is die vernaamste deel van die dankbaarheid wat ons aan God moet bewys.</p> <p style="padding-left: 40px;">2 God gee sy genade en Heilige Gees net aan hulle wat Horn altyd van harte daarvoor bid en dank.</p> <p>117 V Wat hoort by 'n gebed wat deur God verhoor word?</p> <p style="padding-left: 20px;">A Ons moet:</p> <p style="padding-left: 40px;">1 net die ware God van harte aanroep;</p> <p style="padding-left: 40px;">2 ons nood en ellende reg ken, sodat ons ons voor Hom sal verootmoedig;</p> <p style="padding-left: 40px;">3 vertrou dat Hy ter wille van Christus ons wil verhoor al is ons dit self nie werd nie.</p> <p>118 V Wat moet ons van God bid?</p> <p style="padding-left: 20px;">A Alles wat ons vir gees en liggaam nodig het soos Christus ons in die Onse Vader geleer het.</p> <p>119 V Hoe lui die Onse Vader?</p> <p style="padding-left: 20px;">A</p>	<p>116 <i>Vraag:</i> Waarom is die gebed vir die Christene nodig?</p> <p style="padding-left: 20px;"><i>Antwoord:</i> Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis (a): En omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (b).</p> <p style="padding-left: 20px;">(a) Ps 50:14. (b) Matt 7:7; Luk 11:9, 13; 1 Tess 5:17.</p> <p>117 <i>Vraag:</i> Hoe moet 'n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?</p> <p style="padding-left: 20px;"><i>Antwoord:</i> Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het (a), van harte aanroep (b) vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid (c). Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken (d) sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig (e). Ten derde het ons hierdie vaste grond (f) dat Hy ons gebed, hoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor (g) soos Hy dit vir ons in sy Woord beloop het (h).</p> <p style="padding-left: 20px;">(a) Op 19:10; Joh 4:22-24. (b) Rom 8:26; 1 Joh 5:14; Jak 1:5. (c) Joh 4:24; Ps 145:18. (d) 2 Kron 20:12. (e) Ps 2:11; 34:19; Jes 66:2. (f) Rom 10:14; Jak 1:6. (g) Joh 14:13; 16:23; Dan 9:18. (h) Matt 7:8; Ps 27:8.</p> <p>118 <i>Vraag:</i> Wat het God ons beveel om van Hom te bid?</p> <p style="padding-left: 20px;"><i>Antwoord:</i> Alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat Christus saamgevat het, in die gebed wat Hy self aan ons geleer het (a).</p> <p style="padding-left: 20px;">(a) Jak 1:17; Matt 6:33.</p> <p>119 <i>Vraag:</i> Hoe lui hierdie gebed?</p> <p style="padding-left: 20px;">(a) Matt 6:9-13; Luk 11:2-4.</p>
<p>Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.</p>		